

**Pinsksterfees**, deur Gabrielle Wright

In hoofstukke 13 tot 17 van die Johannes Evangelie praat Jesus met sy dissipels om hulle voor te berei vir sy nabye kruisiging, opstanding en hemelvaart.

Hulle het dit geniet om saam met Jesus te wees, maar die tyd het gekom om hulle voor te berei vir die jare wat voorgelê het, waarin hy nie na sy menslikheid verder tussen hulle sou leef nie.

Jesus het baie duidelik met hulle oor die Heilige Gees wat op hulle na dy hemelvaart sou kom, gepraat. Hy het hulle verseker dat hulle nie van God, van Jesus, geskei sou wees nie.

Hierdie week sien ons uit na die Pinksterfees eerskomende Sondag!

Hieronder is 'n lys van uitsprake van Jesus uit die Evangelie van Johannes, van wat Jesus vir sy dissipels oor die Heilige Gees gesê het.

As ons dit lees sal dit ons help verstaan waarom die Pinksterfees so 'n belangrike dag op ons Christen Kalender is.

Jesus het gesê:

“Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees, - naamlik die Gees van die waarheid.” (Joh 14:16)

“Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. **Maar** julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.” (Joh 14:17)

“Wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.” (Joh 14:26)

“Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.” (Joh 16:7)

“Wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het.” (Joh 16:8)

“Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig. Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig. Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.” (Joh 16:13-15)

Hoe wonderlik is dit dat ons die Heilige Gees ontvang het om ons te help verstaan wat die belangrikste dinge in die lewe is!

Kom Sondag met baie vreugde!

Wanneer ons die Nagmaal vier, geniet dit om in heilige gemeenskap met die lewende God te wees wat die Heilige Gees gestuur het deur wie ons een met Christus geword het.

En onthou om ietsie rooi aan te trek wat die uitstorting van die Gees op ale gelowiges simboliseer.